Waarom Geld?

Waarom gee 'n mens geld vir die Kerk, wat is die werklike betekenis van daardie geldelike offer, en hoeveel behoort ek te gee?

Ds G N Bloem

"Soek" die Kerk Altyd net Geld?

Dit het vandag al byna 'n vaste uitdrukking of miskien 'n strydkreet by baie van ons "lidmate" geword, naamlik dat die kerk altyd net geld soek. Maar as ons nagaan WIE hierdie beskuldiging teen die kerk rig, sien ons dat dit gewoonlik mense is wat op die rand van die kerk lewe, wat net altyd die kerk wil kritiseer, wat net sit en wag om fout te vind, maar wat werklik nie weet wat in die kerk aangaan en waarom dit in die kerk gaan nie. Sulke mense het gewoonlik nooit deel aan die kerklike lewe nie en daarom weet hulle ook nie watter stryd die kerk in die wêreld het nie.

Hoeveel diakens moet gereeld met verskonings omdraai soos: Daar is nie geld vir die kerk nie, terwyl daar gewoonlik genoeg geld vir plesier en ander onbenullige dinge is. Of, kom daardie en daardie dag en na herhaalde besoeke word hulle nog met leë hande weggestuur of met 'n karige "aalmoesie" net om van hulle ontslae te raak. Is dit nie miskien een van die redes waarom ons só 'n tekort aan diakens het nie – dat diakens naderhand uit moedeloosheid maar liewer besluit om te bedank?

Dit is opmerklik dat dit gewoonlik diegene is wat hulle plig skandelik versuim, wat die beskuldiging slinger dat die kerk net na geld "soek". Die ware toedrag van sake is eintlik dat sulke persone gewoonlik skuldig voel en dan probeer hulle hulle VERONTSKULDIG deur die kerk te BESKULDIG terwyl die kerk slegs sy plig doen.

Aan die anderkant is dit nogal opvallend dat die kerk nooit geld "soek" by mense wat hulle plig ken nie. Ons praat hier nie slegs van mense wat honderde en duisende rande vir die kerk gee nie, maar van ALMAL wat in alle nederigheid en dankbaarheid elkeen sy deel bydra "namate sy voorspoed is" (I Kor 16:2). Ons dink in hierdie verband veral aan die arm weduwee waarna Jesus verwys in Markus 12:41-44 en Lukas 21:1-4. Sy het méér ingegooi, al was dit net twee geldstukkies, as baie rykes, omdat sy dit in alle opregtheid uit haar gebrek gedoen het. As gevolg van die baie misverstande wat rondom die begrip "offergawe" bestaan, is dit nodig dat ons hierdie hele saak in die regte lig stel.

Dit is 'n ontstellende feit dat die *meeste* lidmate nie weet wat die werklike betekenis van hierdie geldelike bydrae is nie. Sommige huldig die opvatting dat dit maar só 'n "vrywillige liefdesgawetjie" aan die kerk is wat jy gee wanneer jy wil. Ander dink weer, in sommige gevalle miskien onbewustelik, dat as hulle die offergawe gegee het, hulle verder niks meer hoef te doen wat hulle geloofslewe betref nie. Die offergawe word dan gesien as 'n prestasie wat gelewer word om daarmee eintlik vir jou as't ware 'n plek in die hemel te "koop". Ander sê dit openlik dat die kerk bly kan wees dat hulle nóg iets van hulle kry. Ook is daar persone, of ons dit nou wil glo of nie, wat verwag dat hulle SPESIFIEK bedank moet word deur die kerk vir die "bydrae" wat hulle gegee het.

Die meeste van hierdie misvattings kom eintlik voort uit die een groot gedagte wat al meer en meer na vore kom en dit is: Dat die kerk oor die mens verleë is; dat die kerk altyd moet paai en mooi praat – terwyl die regte houding is: Dat ons sondige en verlore mense oor die kerk verleë is en dat ons dit as 'n voorreg moet beskou om aan die kerk van Jesus Christus te kan of mag behoort en om vir die kerk te kan werk.

Het Geld enige plek in die Kerklike Struktuur?

Dit is so duidelik soos daglig dat die kerk nie sonder die stoflike dinge kan bestaan nie. Die kerkdiens moet ook deur ons geld onderhou word. Hierdie gedagte kry ons dwarsdeur die Ou Testament, in die tyd van Jesus en die apostels, dwarsdeur die eeue heen tot vandag toe.

Maar nou het ons ongelukkig in ons kerklike lewe 'n soort fyngevoeligheid ontwikkel ten opsigte van die geldelike sy: Daaroor moet nie in die kerk gepraat word nie, of geld het nie plek in die kerklike struktuur nie, word dikwels gesê. Hierdeur het die gedagte geleidelik na vore gekom dat geld iets "onheiligs" of iets "vuils" is waaroor maar liewer in die kerk geswyg moet word. As gevolg van hierdie verkeerde begrip en verkeerde verstaan, het ons die pynlike situasie gekry dat kerkrade heel dikwels moet worstel om die nodige geld te kry vir een of ander noodsaaklikheid of verbetering in belang van die gemeente. Dit is dan wanneer die kerk die beeld van 'n "bedelende" kerk skep.

Die Bybel as Ons Enigste Rigsnoer en Enigste Norm

Daar is maar net één rigsnoer wat ons lewe as gelowiges bepaal en dit is die Woord van God, die Bybel. Dit geld nie net vir ons persoonlike lewe nie, maar ook vir die kerklike lewe en kerklike organisasie.

Die kerklike struktuur en dus ook die geldelike aspek moet as grond hê – die Woord van God alleen.

Laat ons dus maar eers teruggaan na die Bybel om te sien wat dit in die verband te sê het. Daarna kan ons vir onsself besluit wat die meeste gewig dra: Ons menslike opinie óf die Woord van God.

Die Gee van die Offergawe as 'n Daad van Dankbaarheid

Die offergawe val onder die werke van die geloof wat uit dankbaarheid gedoen word (Jak 2:14). Omdat ek deur die kosbare bloed van Christus losgekoop is uit my ydele lewenswandel (I Pet 1:18 en 19), daarom behoort ek met alles wat ek het aan Hom. Daarom moet ek ook 'n gedeelte van my inkomste uit dankbaarheid as 'n dankoffer teruggee aan God,

vir alles wat ek van Hom ontvang, om sy werk in die wêreld voort te sit (II Kor 9:5).

Psalm 116:17 stel dit baie duidelik: "Ek sal U 'n offer van danksegging bring en die Naam van die Here aanroep." As ons net daaraan dink dat God die beste waaroor Hy beskik het, sy eie Seun, Jesus Christus as offer tot in die dood gegee het om ons te verlos van ons sonde en ellende, en dat Hy nog elke dag aan ons die geloof skenk, maar ook krag en gesondheid, voedsel en kleding – hoe dankbaar moet ons nie daarvoor wees nie!

Ons moet gee "namate ons voorspoed is" sê Paulus in I Korintiërs 16:2, maar as ons nou ons offergawe vergelyk met al die seëninge wat God aan ons gee, hoe ver strek ons dankbaarheid – wat die gee van die offergawe betref – of is daar miskien nie meer dankbaarheid in ons lewens teenoor God te bespeur nie?

Enkele ander Skrifgedeeltes wat handel oor Ons Offergawes

Waarom Moet Ek Gee?

(a) Uit dankbaarheid soos reeds in die vorige paragraaf behandel (vergelyk verder Deuteronómium 8:17; I Kronieke 29:12-16; Haggai 2 en I Korintiërs 4:7);

(b) omdat God dit van my eis (vergelyk Eksodus 22:29; 34:26; Levitikus 27:30; I Kronieke 16:29; Psalm 66:13-16; 107:22; Maleagi 3:10; II Korintiërs 8:1-5 en II Korintiërs 9:2);

(c) omdat ek God nie mag beroof nie (vergelyk Maleagi 3:9);

(d) omdat ek by my sterwe niks kan meeneem nie (vergelyk Psalm 49:17; 18; Prediker 5:12; Jesaja 10:3; Lukas 12:19-21; en I Timoteus 6:7);

(e) omdat ek oor my besittings slegs rentmeester is (vergelyk Lukas 16:1; 2);

(f) omdat God sy beste aan my gegee het (vergelyk Johannes 3:16; II Korintiërs 9; 15 en Openbaring 5:12; 13).

Hoe Moet Ek Gee?

(a) Dankbaar, blymoedig, met vreugde en sonder dwang (vergelyk Eksodus 25:2; 35:3; Deuteronómium 26; Esra 2:68 en II Korintiërs 9:2-7);

(b) Sistematies, met ander woorde, volgens vaste plan (vergelyk Levitikus 27:30; Esra 6:9; Nehemia 13:12; Maleagie 3:10 en Matteus 23:23);

(c) Proporsioneel, dit wil sê eweredig (vergelyk Deuteronómium 16:16; 17; Esra 2:69 en I Korintiërs 16:2);

(d) Eerlik (vergelyk Maleagie 1:7; 8; 3:8; 9 en Handelinge 5:1-10).

Wie Moet Gee?

Almal, sonder onderskeid, klein en groot, ryk en arm (vergelyk Eksodus 35:4; 5; 36:6; Markus 12:41-44; Lukas 21:1-4 en Johannes 6:9).

Waarvoor Moet Ek Gee?

(a) Vir die instandhouding en uitbreiding van die werk van die Here, die kerk en die heiligdom (vergelyk Eksodus 25:1-9; II Konings 12:9-12; Esra 2:68; 69; Nehemia 10:32;33; Lukas 21:1-4; I Korintiërs 9:14 en Filippens 4:18 – die laaste twee tekste het betrekking op die traktement van die predikant);

(b) Vir die armes en hulpbehoewendes (vergelyk Deuteronómium 15:7, Levitikus 19:10; Psalm 41:2; Spreuke 19:17; Matteus 25:35-46; Lukas 10:25-37; 16:9; 10; Handelinge 11:29; Galate 6:10 en Jakobus 2:14-16).

Genoemde behels kortliks die volgende:

Die daarstelling van fondse vir 'n kerkgebou waar die eredienste kan plaasvind en vir die traktement van 'n predikant wat die Woord moet verkondig, die sakramente moet bedien, die kategese moet behartig en huisbesoek moet doen;

Bybelverspreiding: Sodat elke huisgesin 'n Bybel kan besit, word die Bybel verkoop teen die helfte van sy waarde. Die verliese wat so gely word, moet die gemeente aanvul;

Sending: Hieronder word verstaan die verkondiging van die evangelie aan alle mense. Dit is 'n Bybelse opdrag. (Matt 28:19). Hierdie werk doen die Kerk onder andere deur middel van swart predikante wat te Turfloop opgelei word. Ook hierdie werk vra offers;

Die *Hervormer:* Die amptelike maandblad van die Kerk. Elke huisgesin ontvang maandeliks Die Hervormer;

Die *Almanak en Bybelse Dagboek:* Dit word jaarliks uitgegee;

Ouetehuise: Die Kerk is verantwoordelik vir die gedeeltelike instandhouding van 'n hele aantal ouetehuise;

Weeshuis: Die Kerk het twee weeshuise, naamlik te Pretoria en Krugersdorp. Elke gemeente is verantwoordelik vir die versorging van een kind;

Ondersteuningsraad: Dit is die liggaam wat tegniese maatskaplike diens lewer aan elke persoon of gesin waar dit nodig is namens die Kerk;

N.H.S.V.: Dit is die Sustersvereniging wat barmhartigheidsdiens in die Kerk en in breër verband lewer.

Hoeveel?

Is die R2 of die R40 wat ek maandeliks gee genoeg? Vra jouself af as jy dit vergelyk het met al die genadegawes van God in Jesus Christus wat jy ontvang het: as jy dit vergelyk het met jou inkomste, of dit werklik getuig van waaragtige dankbaarheid? Is dit werklik die beste en die meeste wat jy kan

gee of is dit nie in vergelyking met jou inkomste nie maar net jou oorskiet?

In die Ou Testament het die reël van die gee van die "eerstelinge" en die gee van die tiendes gegeld. Sprekend in hierdie verband is Maleagi 3:8; 10 "Want julle beroof My en julle sê: Waarin het ons U beroof? In die tiendes en die offergawe . . . Bring die hele tiende in die skathuis, sodat daar spys in my huis kan wees; en beproef My tog hierin, sê die Here van die leërskare, of ek nie vir julle die vensters van die hemel sal oopmaak en op julle 'n oorvloedige seën sal uitstort nie." Hieruit is dit duidelik: *Hulle wat mildelik gee, wil God in genade aanneem.* Hulle wie se hand toe is vir die diens van die Here staan onder sy oordele. "Hulle wat spaarsaamlik saai, sal spaarsaamlik maai." (II Kor 9:6). As hierdie oordeel nie in hierdie lewe voltrek word nie, dan seker in die hiernamaals.

Die Nuwe Testament sê nie presies hoeveel gegee moet word nie. Die beginsel van die dankbaarheid geld hier deurgaans. Jesus sê egter: Betaal aan die keiser wat hom toekom en aan God wat Hom toekom. Hoeveel gee ek vir die keiser (kyk na jou inkomstebelasting) en hoeveel is ek bereid om te gee vir God en sy diens? Staan dit wat ek vir God en sy diens gee nie ver agter by dit wat ek vir die keiser gee nie?

Wie kom die meeste toe? Dit spreek vanself – God. Alles wat ek is en alles wat ek het, kom van God af.

In I Korintiërs 16:2 word die volgende beginsel in verband met die gee van die offergawes neergelê. Op elke eerste dag van die week moet elkeen van julle self opsy sit en opspaar namate sy voorspoed is . . ." Die materiële voorspoed van sommige is groot, die van ander is kleiner en op grond hiervan word die gee van offergawes proporsioneel bepaal. Bepalend in hierdie verband sal ook die spesifieke behoefte van elke gemeente en behoefte van die kerk as geheel wees.

Laat ons dus nie net noukeurig uitwerk met hoe min 'n gemeente kan deurkom nie, maar laat ons eerder bereken hoeveel ons uit dankbaarheid vir die diens van die evangelie, nie moet nie, maar kan bydra.

HAUM Posbus 460, Pretoria